

Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

[www.enigstetroos.org](http://www.enigstetroos.org)



‘n Samevatting van populêre artikels teen die  
Cloete-omdigting

Deur

Dr AH Bogaards

2010

1. <b>Pinkster, die Psalms en Christus</b> .....	3
2. Die Wraakpsalms (1) .....	6
3. Die Wraakpsalms (2) .....	13
4. Die Godname en veral die Naam HERE in die Nuwe Beryming .....	19
5. Maar Jesus Christus sê "my Here" .....	25
6. "n Gereformeerde Kategismus teen die Cloete-omdigting" .....	29

# Pinkster, die Psalms en Christus<sup>1</sup>

## Dr.AH Bogaards

Eerskomende Sondag is Pinkstersondag, die Sondag waarop ons die groot gebeurtenis van die uitstorting van die Heilige Gees gedenk.

Juis op hierdie so heel, heel besondere Sondag sal die 2001-omdigting feestelik deur gemeentes van die GKSA in gebruik geneem word - die liedere sonder Christus.

Ek kan nie aan 'n groter kontras as dit dink nie:

- Pinkster 2000 jaar gelede enersyds en
- Pinkstersondag in die GKSA op 8 Junie 2003 andersyds.

## Pinkster 2000 jaar gelede

In Handeling 2 lees ons van die uitstorting van die Heilige Gees.

En die heel eerste wat daarop gebeur, is dat daar gepreek word. Petrus staan op en hy preek. Maar dit is 'n heel besondere, 'n buitengewone preek:

1. Die besondere lê *eerstens* daarin dat **die Heilige Gees** van begin tot end daarin aan die Woord kom. Ons het hier te make met 'n geïnspireerde Preek. Die verhoogde Christus self, ons hoogste Profeet en Leraar, preek deur sy Heilige Gees by monde van sy apostel. Wat ons hier - in die eerste Pinksterpreek - geleer word, dra daarom die hoogste gesag, Goddelike gesag. Wat hier gesê word het ewigheidsgesag en ewigheidsbelang.
2. Die besondere van hierdie geïnspireerde Preek lê *tweedens* daarin dat ons in hierdie Preek '**n aaneenskakeling van Psalms** kry: Ps.116:3 (vgl. Hand.2:24), Ps.16:8-11 (vgl. Hand.2:25-32), Ps.110:1 (vgl. Hand.2:34-35).
3. Die *derde* besondere trek van hierdie geïnspireerde Preek lê daarin dat die Heilige Gees Self duidelik laat sien en hoor dat daardie Psalms van **Christus** getuig en in **Christus** vervul is. Hy wat Self die Skrywer van die Psalms is en die Psalms in Dawid

---

<sup>1</sup> Hierdie artikel het in 2003 op die GKSA-poslys verskyn

se mond gelê het, die Heilige Gees, Hy verklaar hier sy eie Psalmwoorde en – **Hy betrek dit op Christus**. Die eerste Pinksterpreek is 'n pure, suiwer **Christus**-preek. Al prekend-singend verheerlik die Heilige Gees Christus. Daarvoor het Hy ook immers gekom, nie waar nie? Want in Joh.16:14 sê Jesus self immers van die Heilige Gees: Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. En juis dít doen die Heilige Gees aan die hand van Psalms 116, 16 en 110. Op Pinksterdag vervul die Trooster Joh.16:14 en Hy verheerlik Christus.

En na Pinkster gaan die Heilige Gees die wêreld in en oor die wêreld heen verkondig Hy Christus – aan die hand van die Psalms. Dink maar net aan Paulus se Preek (nog 'n geïnspireerde Preek) in Handeling 13 – en weer, ja, al weer so 'n aaneenskakeling van Psalms, Psalms wat almal net een Noot op hulle snaar het: Christus, Christus, Christus. Ek verwys net na vers 32-33 en Psalm 2:7: "En ons bring julle die goeie tyding van die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat God dit aan ons, hulle kinders, vervul het deur Jesus op te wek, soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer (verwek)". Hoor u dit? Die belofte van die opwekking van Christus – dit is reeds aan die vaders gegee, aan die eerste hoorders van die Psalms. Christus is nie eers later, in die tyd van die Nuwe Testament, aan die Psalms bygeplak of bygevoeg soos die "nuwe navorsing" en 2001-omdigting leer nie. As dít wat die "nuwe navorsing" leer, die geval sou gewees het, kan ons tog nie van 'n **belofte**, 'n belofte wat eeue tevore aan die vaders gedoen is, praat nie? As die Christus-verklaring eers later bygevoeg is deur die skrywers van die Nuwe Testament – dan was Christus nie in Psalm 2 belowe nie. Dan is Handeling 13 onwaar.

En nou die kontras:

## **Pinkstersondag in die GKSA op 8 Junie 2003**

Terwyl die Heilige Gees Christus verheerlik en Christus verkondig en dit op Pinkster juis doen deur middel van sy Psalms, wat van Christus getuig, gaan die GKSA op 8 Junie liederesing waaruit Christus doelbewus verwyder is.

Daar is geen groter teenstelling as dit denkbaar nie, Pinkster 2000 jaar gelede en Pinkster in die GKSA op 8 Junie 2003:

- Pinkster 2000 jaar gelede: Christus-Psalms

- Pinkster in die GKSA op 8 Junie 2003: Christus-lose omdigtings.

Met Psalm 2:7 in die hand getuig die Heilige Gees, die Gees van Pinkster, die Gees van Christus, deur sy gesant Paulus van die opwekking van Christus (Let wel: In die *opwek* van Christus word die *verwek of genereer* van Ps.2:7 vervul). Maar as u eerskomende Sondag psalm 2 uit die 2001-omdigting sing, sal u nie daardie woorde van Ps.2:7 (Vandag het Ek u verwek - aangehaal in Hand.13 en toegepas op Christus) sing nie – *want dit is doodeenvoudig nie omgedig nie*. En al sou dit in 'n voetnoot staan, sal u hierdie woorde van die Heilige Gees, waarmee Hy Christus verheerlik, nog steeds nie, *nog steeds nie*, sing nie – *want dit staan ten ene male nie in die teks van die 2001-omdigting nie*. Die voetnoot bring Christus dus nie terug nie. Met die beste mikroskoop en die kragtigste vergrootglas sal u nie die woorde "verwek" ("genereer") en "vandag" in die 2001-omdigting van Psalm 2 kry nie. Buitendien: Al sê die voetnote ook wat, die digter self het uitdruklik gesê dat hy die Messias verwyder het uit die lied wat u sing. En almal wat goeie Afrikaans verstaan – en dit was die oogmerk van die omdigting: goeie, eenvoudige, verstaanbare Afrikaans – sal sien dat die woorde "vandag het Ek u gegeneer (verwek)" *nie* daar staan nie.

Ek sal ook graag wil weet hoe u Krog se omdigting van Psalm 16 - Van die graf weerhou U my - in verband kan bring met die feit dat Christus *wel* in die graf was. Hoe bring u hierdie omdigting in verband met Handeling 2:25-32 en die Preek van die Heilige Gees daar? En as u 'n voetnoot by Krog se psalm 16 aanbring, wat sê die voetnoot dan? As die voetnoot na Handeling 2 verwys, weerspreek/weerlê die voetnoot dan nie wat u sing nie? Sonder enige twyfel. Maar hoe kan u dit dan sing?

Maar so sal die GKSA en sy jeug al singende die toekoms ingaan en goeie, maklik verstaanbare Afrikaans uit die omdigtings leer – maar Christus sal hulle nie daaruit leer ken nie. Dit sal vir die kerk van môre onbegryplik wees hoe die Heilige Gees in Handeling 2 kan sê dat die Psalms van Christus getuig. Dat die Psalms Christus preek – dit sal vir hulle nie goeie, verstaanbare Afrikaans wees nie, maar onbegryplike Grieks.

Die Heilige Gees verheerlik Christus met die Psalms. Hoe kan ons dan Christus verheerlik met liedere waaruit Christus verwyder is? Pinkster kan net Pinkster wees as ons Christus-volle Psalms sing – die Liedere wat die Heilige Gees self aan ons gegee het.

# Die Wraakpsalms (1)

Die Nuwe Beryming en die Wraakpsalms

## 1. *Verset teen die Wraakpsalms*

Dit is 'n kenmerk van ons tyd dat mense nie meer wil hoor van die oordeel van God nie. Die God-is-liefde-teologie het sy duisende verslaan. Liefde is in, tug en straf is uit.

Ook die sogenaamde Wraak- of Vloekpsalms – daardie Psalms waarin geroep, gebid en gesing word om en oor die HERE se verbondswraak, sy verbondsvloek, teen sy en sy volk se vyande – moet dit ontgeld.

## 2. *Voorbeelde van verset teen die Wraakpsalms:*

Ook in die Suid-Afrikaanse teologie het die verset teen die Wraakpsalms nie uitgebly nie. Ek noem enkele voorbeelde en lewer tussendeur kommentaar.

- *Bybel in Praktyk*

By Psalm 58 verskyn die volgende artikel van J Burden oor die Wraak- of Vloekpsalms:

"Lees Psalm 55:16; 137:8–9 en 140:11 en vra jousef af of jy hierdie gebede selfs vir jou vyande sal toebid. 'n Mens vra jousef ook af: Hoe strook dit met die geestelike kwaliteit wat jy in die psalms soek? Kan dit gemeenskap met God bewerk? Is God dan nie 'n God van liefde nie? Sê die Nuwe Testament dan nie dat ons selfs ons vyande moet liefhê nie? (Matt 5:44).

Vloekpsalms is daardie psalms (soos 58;68:21–23; 109:5-19) waarin 'n vurige pleitdooi vir Goddelike wraak teen vyande of die vervolgers van die regverdiges gelewer word. Die "vervloektes" sluit in persoonlike vyande asook die van God en Israel. Die vervloeking dien as vergelding vir die kwaad gedoen aan die vervloeker of vir dit wat teen hom beplan word. Dit het as basis vir die vergeldingswette van "n lewe vir 'n lewe, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand" (Eks 21:23-24;vgl Lev 24:20).

Hoe moet ons hierdie vloekpsalms as Christene vertolk? In die Ou Testament was vergelding in hierdie lewe nog die reël. Goddelike wraak teen hierdie agtergrond is net 'n vervulling van die eis van geregtigheid. Die vloekpsalms is dus 'n toets vir ons geestelike diepgang en vir God se regverdigheid. Deur sy kruisdood en opstanding het Christus egter kom voldoen aan die vergeldingswet en aan God se geregtigheid.

Ons moet gevolglik sonder uitsondering bly liefhê—dit is die Nuwe-Testamentiese teenvoeter vir die vloekpsalms".

By Psalm 109:20-31 gee Burden die volgende kommentaar:

Psalm 109 is die enigste suiwer vloekpsalm. Die bidder vra die Here om die goddeloses te oordeel (vir meer omtrent "vloekpsalms" vgl die verduideliking by Psalm 58). Die bidder wou nie self wraak neem nie, maar het die Here gevra om die goddeloses gou te straf soos Hy belowe het. Sy woorde is 'n bevestiging dat al die Here se vyande gedoem is. Psalm 109:8 word ook in Handeling 1:20 aangehaal en op Judas se dood toegepas.

In hierdie Psalm word twee byna onversoenbare sake teenoor mekaar gestel: liefdetrou wat spruit uit verbondslojaliteit, en onbeteuelde woede wat om onbeskaamde wraak in 'n vloekpsalm roep. Vir die Ou- Testamentiese mense was dit moontlik om 'n gebed te bid wat uit twee sulke teenoorgesteldes bestaan. Vir ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges is dit nie meer moontlik om ons vyande te vervloek nie. Christus het vir almal gesterwe, daarom moet ons selfs ons vyande liefhê (Matt 5:44).

### **My kritiek op *Bybel in Praktyk* se verklaring van die Vloekpsalms**

1. *Bybel in Praktyk* huiwer nie om 'n **waarde-oordeel** oor die Wraakpsalms uit te spreek nie: "Lees Psalm 55:16; 137:8–9 en 140:11 en vra jouself af of jy hierdie gebede selfs vir jou vyande sal toebid. 'n Mens vra jouself ook af: Hoe strook dit met die geestelike kwaliteit wat jy in die psalms soek?" 'n Mens vra jouself af: Hoe durf *Bybel in Praktyk* – mense - sulke kritiek uitspreek teen die Skrywer van die Psalms. Die Skrywer is immers Niemand anders as God self nie.
2. Dit is duidelik dat *Bybel in Praktyk* die Wraakpsalms **in stryd ag met die gees van die Nuwe Testament**, want die vrae word gestel: "Is God dan nie 'n God van liefde nie? Sê die Nuwe Testament dan nie dat ons selfs ons vyande moet liefhê nie? (Matt 5:44)". *Bybel in Praktyk* sê verder: "Ons moet gevolglik sonder uitsondering bly liefhê—dit is die Nuwe-Testamentiese teenvoeter vir die vloekpsalms". "Teenvoeter vir die vloekpsalms" - Ou en Nuwe Testament word teen mekaar uitgespeel; die twee Testamente staan teenoor mekaar en sê teenoorgestelde dinge. Die Gereformeerde standpunt is egter dat die Ou en Nuwe Testament net een Skrywer het: God. Hy weerspreek Homself nie en Hy sê nie teenstrydige dinge nie. Wat ons in *Bybel in*



*Praktyk* het, is niks anders as Skrifkritiek nie: Dwars teen dit wat Christus self deur sy Heilige Gees in die Ou Testament sê (Ps.139:21: "HERE, sou ek die nie haat wat vir U haat..."), sê *Bybel in Praktyk* dat ons sonder uitsondering moet bly liefhê.

3. *Bybel in Praktyk* verklaar: "Deur sy kruisdood en opstanding het Christus egter kom voldoen aan die vergeldingswet en aan God se geregtigheid". Hier het ons **die algemene versoeningsleer**: Christus het *vir almal* aan God se geregtigheid voldoen; Hy het *vir almal* die verbondsstraf gedra. Daarteenoor is dit die Gereformeerde leer dat Christus *nie vir almal* gesterf het nie. Daarom sal diegene wat nie glo nie, die straffende geregtigheid van God aan eie lyf ervaar. Die Heidelbergse Kategismus stel dit in geen onduidelike taal nie: God wil die sonde in die tyd – ook in die tyd, daar is 'n vergelding in die hede, ook onder die Nuwe Verbond - en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf (HK 4:10) en nie almal word van hierdie straf verlos nie, maar slegs die wat in Christus glo (HK 7:20).

- **JA van Rooy**

Ek verwys ook na JA van Rooy se artikel in Die Kerkblad (27 Februarie 2002, p.25-27): *Mag 'n Christengelowige iemand haat?* Van Rooy spring weg met 'n verwysing na Psalm 139:21-22: " Here, sou ek dié nie haat wat vir U haat, en 'n afsku hê van die wat teen U opstaan nie? Ek haat hulle met 'n volkome haat; vyande is hulle vir my!" Ook Psalm 137:8-9 ("o Dogter van Babel, jy verwoeste, gelukkig is hy wat jou sal vergeld wat jy ons aangedoen het! Gelukkig is hy wat jou kinders gryp en verpletter teen die rots!") en Psalm 69:24,29 (Laat hulle oë duister word, sodat hulle nie sien nie; en maak dat hulle heupe altyddeur wankel..... Laat hulle uitgedelg word uit die boek van die lewe en nie saam met die regverdiges opgeskrywe word nie") word as voorbeelde van Wraakpsalms aangehaal. Dan verklaar Van Rooy: "Op grond hiervan is daar Christene wat *beweer* (kursivering van my – AHB) dat ons ook 'God se vyande moet haat'. Dit open natuurlik vir my die moontlikheid om, sondaar wat ek is, links en regs mense as 'vyande van God' te bestempel en my haat na hartelus teen hulle te laat botvier". Van Rooy het verskillende besware teen hierdie letterlike opvatting van die Vloekpsalms. Volgens hom moet 'n mens met die aard van die poësie rekening hou. Jy moet die verband in ag neem. In Psalm 139 is Dawid aan die woord. Dawid het 'n vyand gehad wat ook 'n vyand van God was, Saul. Tog hoor ons nooit dat Dawid Saul gehaat het nie, maar eerder dat hy Saul se haat teen hom met liefde beantwoord het. Daarom meen Van Rooy dat

Dawid in vers 21 tot 22 nie letterlik bedoel dat ons God se vyande moet haat nie. Ons moet alles wat boos is, afwys.

### **My kritiek op Van Rooy se artikel:**

Dit is nie maar net sekere Christene wat *beweer* dat ons God se vyande moet haat nie, maar dit is die Skrif self wat dit leer.

Dat die Wraakpsalms die deur open om "links en regs mense as 'vyande van God' te bestempel en my haat na hartelus teen hulle te laat botvier", is nie waar nie. Die Skrif is baie duidelik daarvoor wié gehaat moet word, naamlik die vyande van God en sy volk. As mense daarom links en regs ander haat, wat nie werklik God se vyande is nie, maar wat slegs persoonlike vyande is, doen hulle dit in ongehoorsaamheid aan die Woord.

Wanneer van Rooy sê dat Ps.139:21-22 slegs bedoel dat ons wat boos is (die daad) en nie God se vyand (die dader) moet haat nie, verander hy aan wat daar letterlik in die grondteks staan. Hy probeer dit versag.

### **3. Die Nuwe Beryming en die Wraakpsalms**

In 'n onderhoud met die Sondagkoerant Rapport vertel TT Cloete van die "ure lange gesprekke oor die kontroversiële wraakpsalms" deur kommissieledes wat van Pretoria af aangery gekom het. Hulle het naderhand bepaalde plekke om die Cloetes se eettafel gehad. Dinge is uitgeklaar soos: mag julle babatjies selfs deur klip verbrysel word, wat Cloete omgedig het tot: mag ook jou nageslag hiervan te lye hê. Cloete gaan dan verder deur te sê dat die wraakpsalms vir hom dikwels maar klippe kou was. "Dan stap ek maar 'n draai in die tuin. Ek het een keer my pos gaan uithaal, en daar kry ek 'n brief van die Ontvanger wat sê ek skuld nog R5 000. Daai aand was daai psalm kant en klaar!"

Uit hierdie onderhoud blyk dat die digter van die Nuwe Beryming geen besef het van waaroor dit in die Wraakpsalms gaan nie, want hy stel die wraak van die HERE gelyk met sy wraakgedagtes teen die Ontvanger. Cloete getuig in hierdie onderhoud verder self hoe hy en sy kommissie 'n Wraakpsalm (Ps.137) versag het.

Teen die agtergrond van hierdie onderhoud is dit nie vreemd dat die NB so negatief is teenoor die Wraakpsalms nie. Die negatiewiteit kom na vore in blatante weglatings van Psalmverse

wat handel oor die HERE se verbondswraak of in versagting van en verandering aan tekste wat sing van en pleit om die HERE se verbondsstraf. Hier volg enkele voorbeelde:

- **Psalm 11:5**

Die NB dig om: "Hy (die HERE) haat die onreg en geweld". In die oorspronklike staan egter dat die HERE die goddelose en die wat geweld liefhet, haat en nie bloot die onreg en geweld nie. Die NB verander aan die grondteks. Dit is 'n poging tot versagting van wat daar eintlik staan.

- **Psalm 55:16,24**

Die woorde "Laat die dood hulle oorval, laat hulle lewendig in die doderyk neerdaal; want boosheid is in hulle woning, in hulle binneste ... Maar U, o God, sal hulle laat neerdaal in die put van vernietiging; manne van bloed en bedrog sal hulle dae nie tot op die helfte bring nie" is glad nie omgedig nie.

- **Psalm 56:8**

Die woorde "Werp volke neer in toorn, o God!" is in die NB glad nie omgedig nie. Die toorn en oordeel van God word die stilswye opgelê.

- **Psalm 73:27**

"Want kyk, die wat hulle ver van U af hou, vergaan; U roei almal uit wat van U afhoereer!" Dit is in die NB weggelaat.

- **Psalm 109**

Ps.109 is een van die Wraakpsalms.

Hierdie Psalm is met reg die *Psalmus Ischarioticus* (Iskariot-Psalm) genoem. Want Hand.1:20 ("Want daar staan geskrywe in die boek van die Psalms: Laat sy woonplek woes word, en laat daar geen inwoner in wees nie! En: Laat 'n ander een sy opsiensamp neem") haal Ps.109:8 (laat 'n ander sy amp neem) aan en pas dit toe op Judas Iskariot.

Die agtergrond van hierdie Psalm is die geskiedenis van Absalom se opstand en in die besonder Agitofel se verraad. Agitofel se verraad is 'n afskaduwing van en heenwysing na die verraad van Judas. Ons het in die Dawid-Agitofel-geskiedenis 'n afskaduwing en heenwysing na Christus en Judas.

In Ps.109:6-20 vra (bid) Dawid om die HERE se wraak oor Agitofel. Hy vra onder andere: Laat 'n ander sy amp neem (v.8).

***Cloete dig dit so om:***

2

*My liefde word begroet met haat;  
terwyl ek bid, o Heer,  
die goeie word vergeld met kwaad,*

**WRAAK WORD VIR MY BEGEER:** (LW: dubbelpunt en dan word gesê wat se wraak hul begeer)

3

*"As regter oor hom aangestel,  
wil ons 'n booswig hê;  
laat sy gebed selfs teen hom tel,  
as klag teen hom gelê".*

4

*"Vind hom skuldig, vonnis hom,  
straf dié wat hom bemin;  
mag hy gou aan sy einde kom,  
laat ly sy huisgesin." .....*

Cloete verander hierdie woorde (vv.6-20) so dat ons hier nie te make het met die (wraak)gebed van die Psalmdigter, Dawid, teen sy vyand, Agitofel, nie, maar dat dit in vv.6-20 gaan om wat die vyand se begeerte is ten opsigte van die Psalmdigter.

Dit is duidelik dat Cloete 'n probleem met die wraakpsalm (-gebed) het. Dit pas blykbaar nie vir hom in die mond van Dawid nie. Daarom lê hy dit liever in die mond van sy vyande.

Waar kom Cloete aan sy omdigting? In die 1983-vertaling en Bybellennium kry ons dieselfde verklaring.

Maar dis nog nie al nie. Die woorde van Ps.109:8 (laat 'n ander sy amp neem) (aangehaal in Hand.1:20) is in Cloete se omdigting glad nie omgedig nie. Hy laat dit weg – woorde wat in die Nuwe Testament aangehaal word!

Ter wille van volledigheid haal ek die 1983-vertaling en Bybellennium hier aan:

***1983-vertaling:***

Vv.5ev.: "<sup>5</sup> So vergeld hulle my met kwaad vir goed en haat vir liefde, **en hulle sê:**

<sup>6</sup> "Stel 'n misdadiger aan as sy regter, laat een wat vyandig is, hom aankla; <sup>7</sup>sorg dat hy skuldig bevind word, laat selfs sy gebed teen hom tel as 'n misdaad. <sup>8</sup> Laat sy lewe kort wees en **laat 'n ander sy amp oorneem! .....**".

Die "en hulle sê" staan ten ene male nie in die Bybel (grondteks) nie. Dit is inlegkunde.

***Bybellennium:***

**109:2–11** *Goddelose mense, vir wie hy nog altyd ... gebid het, beantwoord sy liefde met vyandskap. Hulle beskuldig hom vals. Hulle val hom aan sonder enige rede. Hulle het die hele hofgeding beplan en probeer dit manipuleer sodat hy gou tot 'n val kan kom. Daarom het hulle 'n lang lys vervloekings oor sy lewe, familie en besittings.*

- **Psalm 137:9**

Die woorde "Gelukkig is hy wat jou kinders gryp en verpletter teen die rots!" is deur Cloete versag ("*Mag selfs vir jou nageslag ook 'n swaar vergelding wag*") en deur Spies glad nie omgedig nie.

- **Psalm 139:21-22**

"HERE, sou ek dié nie haat wat vir U haat, en 'n afsku hê van die wat teen U opstaan nie? Ek haat hulle met 'n volkome haat; vyande is hulle vir my!" word deur Spies heeltemal weggelaat en deur Cloete versag ("*...elkeen wat u eer betwis, Here, is my vyand ook*").

## Die Wraakpsalms (2)

### Skrif en belydenis

In die vorige artikel het dit gegaan oor verset teen die Wraakpsalms – in die Nuwe Beryming en ander geskrifte.

Hierdie verset het sy oorsaak onder ander in onkunde. Mense – teoloë en lidmate - begryp niks meer van hierdie Verbondsliedere nie. Daarom is dit noodsaaklik om in 'n paar punte – aan die hand van Skrif en belydenis – te laat sien waaroor dit in hierdie Psalms gaan.

- **Die Wraakpsalms leer ons *wië* ons moet haat: God se vyande**

Dit gaan in die Wraakpsalms *nie* om haat teen ons *persoonlike vyande* nie. Dit gaan om "u teëstanders", die "wat vir U haat" en "die wat teen U opstaan" (v.21).

- **Wraakpsalms uit liefde vir die *HERE***

Die Wraakpsalms leer ons *hoëkom* ons God se vyande moet haat: Dit is omdat hulle God, wat ons so oneindig lief het, haat en teen Hom in opstand kom (Ps.139:21), omdat hulle sy eer te na kom.

Die anti-Wraakpsalm-teologie is humanisties. Dit gaan net om liefde vir die mens, maar waar bly die liefde vir God en die liefde vir die eer van sy Naam?

Holwerda skryf in die verband: Dit is 'n vraag of die mense-van-die-liefde God nog werklik lief het. Wie waaragtig die *HERE* lief het, sal ten slotte alles haat, wat die God haat.

- **Wraakpsalms uit liefde vir die *kerk***

Wanneer Ps.137 bid om die *HERE* se wraak teen Edom en Babel, word die digter daartoe geïnspireer deur dit wat dié volke Jerusalem, die volk van God, aangedoen het. Die woorde van verse 7 tot 9 kan doodeenvoudig nie losgemaak word van vers 5 nie: "As ek jou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan homself vergeet". Dit is 'n wraakgebed uit liefde vir Sion en gedra deur dit wat die vyand God se duurgekoopte eiendom, sy oogappel, aangedoen het. Wie hom aan God se volk vergryp, vergryp hom aan God self. Wie sy kerk aanraak, raak sý oogappel aan (Sag.2:8).

- **Die digters van die Wraakpsalms het hulle *slegs laat lei deur die Woord***

Wanneer die digter van Psalm 137 die HERE se straf oor Edom afbid (v.7), laat hy hom daarin lei deur die Woord van God, want die HERE het immers al deur Jesaja oor Edom 'n "’n dag van wraak, ’n jaar van vergelding in die regspraak van Sion" aangekondig (Jes.34. Vgl. ook Jer.49:7-22; Eseg.25:12-14; Amos 1:11; Obadja). Dieselfde geld van daardie vreeslike woorde teen Babel: "Gelukkig is hy wat jou kinders gryp en verpletter teen die rots!" Hierdie is woorde uit Jesaja 13, waar die HERE sy oordeel oor die wrede Babel aankondig en sê: "En hulle kinders word voor hul oë verpletter" (v.16.).

Kritiek op die Wraakpsalms lei daarom tot kritiek op die God van die Heilige Skrif, wat 'n regspraak met sy vyande het en in die regspraak sy reg sal soek.

Soos in so baie Psalms hoor ons ook in die Wraakpsalms die weerklank van die profete.

- **Ook die gelowiges van die NT moet hulle laat lei deur die Woord alleen**

Dit spreek vanself dat die Heilige Gees gelowiges in die Nuwe Testamentiese bedeling in die Wraakpsalms leer hoé hulle moet bid om God se verbondsstraf: gelei deur die Woord alleen en nie deur persoonlike gevoelens nie.

In hierdie verband moet onder ander verwys word na die boek Openbaring, 'n boek vol van God se verbondsstraf.

Daar is absoluut niks mee verkeerd as gelowiges bid om die vervulling van dit wat in Openbaring verkondig word nie. Trouens, 'n gelowige moet verlang na die vervulling van God se Woord. Ons moet daarvoor bid, want dit gaan om die eer van ons Koning. Die gebed van die bruid om die koms van Christus (22:17) is tog 'n gebed wat die hele kerk vandag moet bid en dit is sekerlik nie alleen 'n gebed om hulle verlossing nie, maar eweneens 'n gebed om die vervulling van die verbondswraak van Openbaring. Immers, Christus se koms is 'n koms tot verlossing, maar ook tot oordeel.

Wanneer ons bid om die vervulling van God se Woord in Openbaring, bid ons in die gees van Ps.137. Ja, dan is dit ook 'n wraakgebed en heeltemal in die Gees (met 'n hoofletter) van en gelei deur die Gees van die Wraakpsalms.

Wie Psalm 137 en Jesaja 13 wil bekritisiseer en wil bevraagteken, moet ook die hele Openbaring skrap.

- **Wraakpsalms en om die wraak aan die HERE oor te laat**

'n Mens hoor soms van die anti-Wraakpsalmteoloë dat ons as Nuwe Testamentiese gelowiges meer as die gelowiges van die OT en die skrywers van die Wraakpsalms besef dat die wraak ons nie toekom nie. Die ironie van die saak is egter dat Paulus, wanneer hy in Romeine 12:9 sê dat ons ons nie moet wreek nie, maar dat die wraak aan God toekom, hom vir hierdie uitspraak juis beroep op en aanhaal uit die OT, want hy sê: "**Want daar is geskrywe**: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here" – 'n aanhaling uit Deut.32:35.

Hier kan nog ander voorbeelde uit die OT genoem word: Dawid wat hom nie op Saul gewreek het nie, die digter van Ps.137 wat vra dat die HERE die onreg van Edom en Babel sal wreek, soos Hy self beloof het, ens.

Dit is dus nie net Nuwe Testamenties nie, maar ook deur en deur Ou Testamenties om die wraak aan God oor te laat.

- **Die Nuwe Testament *deurstreep* nie die Wraakpsalms nie, maar *onderstreep* dit**

Christus self sinspeel op Ps.137 in sy woorde aan die huilende vroue van Jerusalem: (Lk.23:28-29) en in Openbaring 18:6 roep 'n stem om God se oordeel oor Babel in die styl van Psalm 137.

Ps.69:24 – 'n Wraakpsalm - word in Romeine 11:9-11 toegepas op die Israëliete wat Christus verwerp. En dan gaan dit werklik nie oor God se oordeel oor hulle *leer of dade* nie, maar oor God se gerig oor hierdie *mense*.

In Handeling 1:20 word aangehaal uit Psalm 109, nog 'n Wraakpsalm, en vers 8 word toegepas op Judas Iskariot.

Christus en die skrywers van die NT het geleef uit en aangehaal uit die Wraakpsalms. Hulle het gesien hoe die Wraakpsalms ook in die tyd van die NT van toepassing is en in die tyd van die NT in vervulling gaan.

As teoloë 'n probleem met die Wraakpsalms het, wat sê hulle dan van Gal.1: 8-9? Want vervloek beteken: oorgegee word aan die oordeel of verbondswraak van God. Hier is geen sprake daarvan dat net hulle leer of bese dade aan die oordeel van God oorgegee word nie. Die valse leraars self word oorgegee. Ons moet boonop weet wat Paulus se dryfveer is, wanneer hy sê: Laat hulle 'n vervloeking wees. **Liefde** is sy dryfveer – liefde vir die eer van God en liefde vir sy gemeente. Want hierdie dwaalleraars het met hulle werketeologie die eer van God te na gekom en die gemeente in ernstige gevaar gebring. Ons moet daarom oppas vir



'n misplaasde liefde, 'n liefde ten koste van God en ten koste van sy duur gekoopte gemeente. Vyandsliefde het niks te make met verloëning van God en 'n groter lojaliteit vir ons vyand as vir Hom en sy volk nie.

- **Ook die Nuwe Testament verkondig God se verbondswraak**

Daar is geen spanning tussen die Ou en die Nuwe Testament nie. Dit is nie so dat die Ou Testament 'n God van wraak en die Nuwe Testament 'n God van liefde verkondig nie.

Inteendeel, Floor (1979) het 'n hele boek oor die gerig van God volgens die Nuwe Testament geskryf. Daarin toon hy aan dat die gerig van God 'n deurlopende lyn in die Nuwe Testament is. Oor die verhouding Ou Testament en Nuwe Testament, die gerig van God in die Ou Testament en die oordeel van God in die Nuwe, skryf hy (Floor, 1979, p.33): Die prediking van Jesus oor die oordeel sluit nou aan by die van die profete uit die Ou Testament. In die verkondiging van Jesus oor die komende gerig ontdek ons "die geur van die Ou Testament". (C. van der Waal)

Reeds heel aan die begin van die Nuwe Testament laat Johannes die Doper ons Jesus sien as Gerigsvoltrekker: "Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring in die skuur saambring, maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand" (Mt.3:12).

- **Die Nuwe Testament leer ons dat die Wraakpsalms *nuttig* is**

2 Timoteus 3:16-17 is ook van toepassing op die Wraakpsalms. Kragtens hierdie teks is die Wraakpsalms nuttig.

- **Die Wraakpsalms en ons *belydenisskrifte***

Ons *belydenisskrifte* is vol van die oordeel van God en die geweldige erns daarvan.

In die Heidelbergse Kategismus (HK 4:10) bely ons dat God die sonde nie ongestraf wil laat nie. Inteendeel, sy toorn is verskriklik sowel oor die erfsonde as oor die sonde wat ons self doen: Hy wil dit in die tyd en in die ewigheid met 'n regverdige oordeel straf. Hy het immers gesê: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie.

Elke Sondag bely ons saam met die Apostoliese Geloofsbelydenis: "Waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel". Daarby gee ons Kategismus (HK 19:52) hierdie verklaring: dat Christus "al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp". Dit

is niks minder as voltrekking van die wraak van die Wraakpsalms nie. In die Wraakpsalms gaan dit om die oordeel van Christus oor sy en sy volk se vyande.

Die Kategismus (HK 19:52) praat van "sy en my vyande". Daarin hoor ons hoe Skriftuurlik die belydenis is: Dit gaan nie oor persoonlike vyande nie, maar oor vyande van my wat ook vyande van my Koning is – presies wat die Wraakpsalms (vgl.Ps.139:21-22) leer.

Die tweede bede van die Onse Vader - "Laat u koninkryk kom" - is ten diepste ook 'n wraakgebed, want daarmee bid ons onder andere: Vernietig elke mag wat teen U opstaan (HK 48:123). Weereens word die mag ook nader gekwalifiseer as daardie mag "wat teen U opstaan". Dit gaan nie om enige vyandige mag nie.

Volgens die Kategismus (19:52) **verwag** ons Christus **met gespanne verwagting** as **Regter** uit die hemel. Dit is dus nie alleen die siele onder die altaar (Openbaring 6:10) wat daarna verlang nie. Die koms van Christus om te oordeel, is ook deel van die **troos** waarvan die Kategismus (19:52).

Ons Nederlandse Geloofsbelijdenis (Art.37) eindig op dieselfde noot: Die gedagte aan hierdie oordeel is "vir die oortreders en goddeloses met reg ontsettend en skrikwekkend maar vir die vromes en uitverkorenes **begeerlik** en **troosryk**. Want dat sal hulle volle verlossing voltooi word en hulle sal daar die vrugte ontvang van moeite en lyding wat hulle gedra het. Hulle onskuld sal deur almal erken word en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal voltrek oor die goddeloses wat hulle in hierdie wêreld wreed vervolg, verdruk en gekwel het". En ook die NGB laat hoor, net soos die HK, dat ons hierdie groot dag **met sterk verlange verwag** om die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here, ten volle te geniet.

- **Die Skrywer van die Wraakpsalms volgens Skrif en belydenis**

Wie is die Skrywer van die Wraakpsalms? Hier het ons seker een van die belangrikste vrae in die hele dispuut rondom die Wraakpsalms. Hier skei die weë, want 'n mens kry die indruk dat die anti-Wraakpsalmteoloë meen dat in die Wraakpsalms mense (die gelowiges van die OT wat nog nie so baie van God se genade en oordeel soos ons geweet het nie) - en nie God nie – aan die woord is.

Die Heilige Skrif (o.a. 2 Tim.3:16; 2 Pt.1:12) leer ons egter: Die Skrywer is God self deur sy Heilige Gees. Hierdie Skrifwoorde spreek ons na in **ons belydenis (NGB Art.3)**. In ons Heidelbergse (**HK 12:31**) bely ons dat ons Here Jesus Christus gesalf is tot ons hoogste

Profeet en Leraar. Dit was Hy reeds onder die Ou Verbond. Daarom moet ons weet dat dit Hy, die Woord van God (Joh.1), is wat in die Woord van die Psalms aan die woord is.

Wie daarom probleme het met die Wraakpsalms, moet hom verantwoord teenoor die Skrywer. Wie probleme met die Wraakpsalms het en beweer dat die Wraakpsalms in stryd is met die liefdesgebod van die Nuwe Testament, moet reguit en eerlik sê: Christus weerspreek Homself en Hy sê teenstrydige dinge. ÓF mense wat beweer dat die Ou en Nuwe Testament in teenspraak met mekaar is, moet reguit sê: In die Ou Testament is Christus nie aan die woord nie, die Ou Testament is maar net 'n mensewoord.

# Die Godname en veral die Naam HERE in die Nuwe Beryming

Dr.AH Bogaards

## 1. Die Nuwe Beryming se hantering van die Godname

As 'n mens die Nuwe Beryming (NB) lees, val dit dadelik op dat die NB *geen onderskeid* maak tussen die Name HERE (Jahwe) en Here (Adonai) nie. Die omdigting gebruik net Here of Heer vir sowel Jahwe (HERE) as Adonai (Here).

In verskillende omdigtings word die Godname selfs *omgeruil*. Hier volg twee sprekende voorbeelde:

- **Psalm 65:** Die grondteks het in die hele Psalm net God (Elohim). Die NB dig deurgaans om met Here/Heer.
- **Psalm 112:** Die grondteks gebruik deurgaans slegs die Naam HERE (Jahwe). Die NB dig HERE telkens om met God.

Ek noem nog net twee ander voorbeelde:

- **Psalm 56:** Die grondteks het 9 maal God (Elohim) en 1 maal HERE (Jahwe). Die NB het 3 maal Here en 1 maal (as omdigting van vers 11) God die Here.
- **Psalm 69:7:** Here, HERE van die leërskaare (Adonai Jahwe Sebaot) word omgedig met God.

Dit moet gestel word dat dit *'n tendens* in die NB is om die Godname om te ruil. Hier het ons werklik nie te make met iets wat net so hier en daar en so af en toe (ter wille van rym) voorkom nie.

## 2. Die na-analogie-van-die-Nuwe-Testament-argument

Dit is duidelik dat die NB in sy omdigting van die Name HERE (JAHWE) en Here (Adonai) met Here beïnvloed is deur die 1983-vertaling van die Bybel.

As regverdiging vir en begroning van hierdie omdigting en vertaling voer voorstanders van die 1983-vertaling en die NB as argument aan: Wanneer die Nuwe Testament tekste uit die Ou Testament aanhaal, word sowel HERE (Jahwe) as Here (Adonai) sonder onderskeid "vertaal" met Here (Kurios). Daarom voel hierdie mense: *Na analogie (na aanleiding) van dit wat die Heilige Gees self in die Nuwe Testament doen, mag HERE en Here albei met Here vertaal en omgedig word.*

**Hierdie na-analogie-van-die-Nuwe-Testament-argument is egter onhoudbaar en wel om die volgende redes:**

*a) Die standpunt dat die Naam HERE (Jahwe) deur NT skrywers "vertaal" is as Here (Kurios), is aanvegbaar.*

Dit is nie waar dat die Naam HERE altyd in die NT "vertaal" is as Here (Kurios) nie. Aan die kruis haal Jesus Psalm 31:6 ("In u hand gee ek my gees oor; U het my verlos, HERE/Jahwe, God van trou") aan, maar dan roep Hy nie "HERE" (Jahwe) nie (soos dit in Ps.31 staan), maar in plaas van HERE (of Here/Kurios), sê Hy: VADER – "Vader, in u hande gee Ek my gees oor!" (Lk.23:46).

Nog 'n voorbeeld is Ps.110:1a: "Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand". Die Nuwe Beryming dig dit so om: "Dit het die Heer belowe vir my koning...". Die vraag is egter: Kan dit werklik gesê word dat hierdie omdigting na analogie van die Nuwe Testament gedoen is? Na analogie van watter tekste in die NT? Waarom kies die omdigters na analogie van die NT wel Heer maar nie God nie? Want dit is waar dat Mt.22:44, Mk.12:36 en Hand.2:34 die Naam Here (Kurios) gebruik. MAAR met duidelike verwysing na Ps.110:1 word in die volgende tekste nie gepraat van die regterhand van die Here (Kurios) nie, maar van die regterhand van God (die Vader) (Mk.16:19; Heb.10:12), die regterhand van die Vader (Ef.1:20), die regterhand van die majesteit (Hb.1:3). Op grond waarvan kies die NB nou in Ps.110 Here en nie God, Vader of majesteit nie?

*b) As die na-analogie-van-die-NT-argument tot sy logiese konsekwensies gevoer word, sal nog duideliker blyk hoe onhoudbaar hierdie argument is.*

Dit is naamlik so dat die NT nie net wat die Godsdname betref afwyk van die Hebreeuse teks van die OT nie. Ook in ander gevalle volg die NT nie die Hebreeuse teks van die OT nie, maar wel o.a. die Griekse vertaling van die OT (die Septuagint). Dit gebeur byvoorbeeld wanneer tekste uit die Ou Testament aanhaal. Een enkele voorbeeld kan ter illustrasie

genoem word: Johannes 12:38b ("Here, wie het ons prediking geglo") haal Jesaja 53:1a ("Wie het geglo wat aan ons verkondig is?") aan. Daar is 'n duidelike verskil tussen dit wat in die Hebreeus staan en die teks soos dit deur Johannes aangehaal word. Johannes haal egter nie uit die Hebreeus aan nie, maar uit die Septuagint.

Die vraag is nou: Wanneer gaan die voorstanders van die na-analogie-van-die-NT-argument dan ook daardie tekste in die OT vervang met die weergawe van die teks in die NT? As hulle konsekwent wil wees, moet hulle Jesaja 53:1a vervang met Johannes 12:38.

*c) 'n Verdere vraag is: As die vertalers en omdigters dan so slim is en besluit om die Naam HERE na analogie van die NT weg te vertaal en weg te dig, waarom het die Heilige Gees dit in sy alwysheid en alwetendheid nie self gedoen nie?*

Die feit van die saak is egter: Die Heilige Gees self het die onderskeid tussen die Naam HERE en Here in die OT laat staan. Daarvoor moet ons eerbied hê.

Ons mag ook nie sy woorde in die NT (sy sogenaamde "vertaling" van die Naam HERE met Here) afspeel teen sy woorde in die OT nie. Dit is Hy – en nie 'n mens nie – wat die Naam HERE in die OT laat staan het – swart op wit. Ons sal moet besef dat die Heilige Gees net soveel in Psalms en in die hele OT as in die NT aan die woord is.

### **3. Die Naam HERE is vir die Heilige Gees self belangrik**

Uit verskillende Skrifgedeeltes kan gesien word hoe belangrik die Naam HERE vir die Heilige Gees Self is.

Toe Moses kleinvee opgepas het vir sy skoonvader, Jetro, het die *Engel van die HERE* in 'n brandende doringbos aan hom verskyn en aan hom die opdrag gegee: Gaan na die Israëliete in Egipte en lei hulle uit die slawehuis uit (Eks.3:1-10).

In antwoord op God (die Engel van die HERE) se opdrag het Moses (Eks.3:13) aan Hom gevra: "Maar as ek by die kinders van Israel kom en aan hulle sê: Die God van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra: Hoe is sy naam?—wat moet ek hulle antwoord?" Daarop het God Moses geantwoord: "**EK IS WAT EK IS**. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van Israel antwoord: **EK IS** het my na julle gestuur. Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: Die Here, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag" (Eks.3:13-15).

Dit is dus die betekenis van die Naam HERE: EK IS. Om hierdie woorde goed te verklaar, moet ons dit lees binne die verband waarin dit staan. Aan die einde van Eksodus 2 (vv.23-24) lees ons: "En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. En God het hulle gekerm gehoor, **en God het gedink aan sy verbond** met Abraham, met Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken". Die Naam EK IS beteken: EK IS aktief by my volk teenwoordig om hulle te verlos en my eue oue belofte aan Abraham (Gen.15:13-14: "Weet vir seker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in die land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vierhonderd jaar lank. Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed") dat Ek hulle in die beloofde land Kanaän sal bring, gestand te doen. Die Naam HERE sê dus wie en wat die HERE vir sy volk is. Dit spreek van sy verbondstrou. Die Naam verkondig dat God 'n waarmaker is van sy verbondsbeloftes aan sy verbondsvolk.

Daarby het die HERE ook gesê: "Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag" (Eks.3:15). "Gedenknaam" (memorial, herinnering) leer ons iets oor die Naam. God gee sy HERE-Naam as 'n herinnering aan ('n gedenking van, 'n gedagtenis aan) sy verbondstrou.

Eksodus 3:15 en die uitdrukking **gedenknaam** weerklink telkens *in die Psalms*: Ps.30:5 ("Psalmsing tot eer van die HERE, o sy gunsgenote, en loof sy heilige gedenknaam"); Ps.97:12 ("o Regverdiges, wees bly in die HERE, en loof sy heilige gedenknaam!"); Ps.102:13 ("Maar U, o HERE, U bly tot in ewigheid, en u gedenknaam van geslag tot geslag"); Ps.135:13 ("o HERE, u Naam is tot in ewigheid, u gedenknaam, HERE, van geslag tot geslag!"). **Ook die profete** praat van die gedenknaam. Jesaja.26:8 lui: "Ook in die weg van u oordele het ons U verwag, o HERE! Tot u Naam en tot u gedenknaam gaan die begeerte van ons siel uit".

Eksodus 3 vers 13 tot 15 leer ons hoe belangrik die Naam HERE is. **So belangrik is hierdie Naam vir die HERE en so belangrik is dit vir Hom dat ons sal weet wat dit beteken, dat Hy self dit uitspel en verklaar: EK IS.**

So belangrik is hierdie Naam nie net vir die Ou Testamentiese kerk nie, maar vir die kerk van alle eeue, dat die Heilige Gees dit ook vir ons vandag in Eksodus 3 laat opteken het. Watter reg het ons dan om die heerlike, betekenisvolle Naam weg te laat?

So ontsaglik belangrik en so veelseggend is die Naam HERE dat God self sy Kind, wanneer Hy na die aarde toe kom, nie sommer enige Naam gee nie, maar uitdruklik sê dat Hy Jesus - die HERE, Jahwe verlos - genoem moet word (Mt.1). Die Heilige Gees wil hê dat ons die verband, die openbaringshistoriese band tussen die Naam HERE en die Naam Jesus, moet sien. Telkens wanneer ons as Nuwe Testamentiese gelowiges hierdie Naam Jesus lees, hoor ons daarin die Naam HERE en word ons in die Naam Jesus herinner aan die Naam HERE en aan dit waarvan die Naam HERE praat, naamlik van sy verbond en sy verbondstrou. In Jesus (die HERE verlos) ontmoet ek daarom op elke bladsy van die NT die Naam HERE en in die geboorte, lewe, lyding en sterwe van Jesus sien ek die Naam HERE uitgespel: Die HERE is inderdaad EK IS, EK IS getrou, want Hy maak in die NT, in Jesus (die –HERE-verlos) al sy beloftes waar. As ek die hele Bybel in een Naam moet saamvat en opsom, dan doen ek dit in hierdie een Naam: HERE. Wie sal dan durf sê dat die Naam HERE onbelangrik is?

Hier moet ek wys op 'n besondere en veelseggende ooreenkoms tussen Eksodus 3 en Matteus 1. In *Eksodus 3*, op die drumpel van die verlossing uit die slawehuis van Egipte, verklaar die Engel van die HERE sy Naam: HERE, dit is EK IS. Na 400 jaar swye verbreek die HERE sy stilsweye deur sy Naam te openbaar én boonop te verklaar: HERE, EK IS WAT EK IS. In *Matteus 1*, op die drumpel van die verlossing uit die slawehuis van die sonde, verklaar die Here by monde van sy hemelse gesant die Naam Jesus: Hy is dit wat sy volk van hulle sondes sal verlos. Na 400 jaar swye verbreek die HERE sy stilsweye deur sy Naam te openbaar én boonop te verklaar: Jesus - die HERE, Jahwe, EK IS, verlos. Verder moet u raaksien: In sowel Eks.3 as in Mt.1 is dit die HERE self wat die Naam gee en verklaar. Dit sê iets oor die groot gewig van God se Naam.

Ten slotte moet nog op die woorde "*Hom wat is en wat was en wat kom*" in Openbaring (1:4, 1:8; 4:8; 11:17. Vgl. ook 16:5) gewys word. Dit is duidelik dat daarmee *op die EK IS WAT EK IS (Eks.3:14) gesinspeel* word. Die Griekse woorde "wat is" hier in Openbaring is presies dieselfde as wat die Septuagint (die Griekse vertaling van die Ou Testament) gebruik om die WAT EK IS van Eksodus 3:14 mee te vertaal. 'n Joodse geskrif (Targum Jonathan) se parafrasering van Eksodus 3:14 laat eweneens sien dat Openbaring 1:4 (e.a. plekke) teruggryp op Eksodus 3:14, want die Joodse geskrif parafraseer die EK IS WAT EK IS met die volgende sin: "Ek is wat ek was en sal wees". Hierdie frase in Openbaring, "Hom wat is en wat was en wat kom", leer sonder enige twyfel dat die Naam HERE in die Ou Testament



nie 'n vergete Naam in die Nuwe Testament is nie. Ook in Openbaring gaan die Here wys dat Hy die HERE is, EK IS WAT EK IS. Openbaring spel die Jahwe-Naam nog verder uit.

#### **4. Die Godsname en die gereformeerde dogmatiek**

In die gereformeerde dogmatiek (leer van die kerk) is deur die eeue heen gesê: God openbaar Hom in sy Name. In elkeen van sy Name maak Hy iets van Homself bekend.

Die dogmatikus J van Genderen (Beknopte Gereformeerde Dogmatiek) skryf: God het Homself Name gegee om Hom te openbaar. Hy is wat sy Naam van Hom sê en Hy is dit heeltemal. Sy Naam staan dus vir Homself. Hy maak sy Naam aan ons bekend om so deur ons aangeroep te word en nie op 'n deur mense uitgedinkte wyse nie.

Met die wegdig en wegvertaal van die Naam HERE word nie die nodige erns gemaak met hierdie waarheid nie.

Ons kan hierdie Naam HERE alleen weglaat as ons seker is dat dit niks sê en niks beteken nie. En wie sal dit, dwars teen die getuienis van die Heilige Gees self in, durf sê?

#### **5. Die Naam HERE en die sinodebesluit van 1991**

Sinodebesluite is vanselfsprekend van belang. Dié besluite is immers gebaseer op die Heilige Skrif en "moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde" (KO Art.31).

Op die Nasionale Sinode van 1991 (p.114) is 'n aanbeveling goedgekeur dat die Sinode ten sterkste tot die Bybelgenootskap vertoë rig dat in Bybelvertalings 'n onderskeidende gebruik van die Godsname Jahwe (HERE) en Adonai (Here) moet geld Dit was na aanleiding van die feit dat die 1983-vertaling beide Name sonder onderskeid met Here vertaal. Die 1953-vertaling daarenteen vertaal Jahwe met HERE en Adonai met Here. Die sinode dring dus daarop aan dat die onderskeid in Godsname in 'n Bybelvertaling moet uitkom - en tereg.

## **Maar Jesus Christus sê "my Here"**

Ons Here Jesus Christus verklaar self Psalm 110:1

**Dr AH Bogaards**

### **Die 2001-omdigting sê "my koning"**

In die 2001-omdigting het Cloete die "my Here" van Psalm 110:1 omgedig tot "my koning". Hy het ook in die publiek gesê hoekom: Hierdie Psalm is volgens hom en sy adviseurs nie Messiaans nie. "My koning" verwys dus net na 'n aardse koning.

In sy artikel in Die Kerkblad van April 2004, *Die Christusverwagting in die Psalms*, neem professor Herrie van Rooy standpunt in teen diegene wat daarteen beswaar maak dat die Christus, die Messias, onder andere uit die 2001-omdigting van die Psalms verwyder is.

Van Rooy betoog dat geen Psalm direk Messiaans is nie, dit wil sê dit wys nie eerstens op Christus nie, maar op die koning of koningshuis van Israel. Om dit te illustreer, gebruik hy die voorbeeld van Psalm 110:1 en spesifiek die woorde "my Here". In die Hebreeus staan daar vir "my Here" 'n woord "Adoni", 'n woord wat volgens van Rooy dikwels gebruik word om 'n mens van hoër rang aan te spreek. Psalm 110 kan daarom volgens hom ook verstaan word as dat dit in sy oorspronklike konteks gedui het op die koning uit die huis van Dawid en vandaar kan 'n mens maklik die lyn volg na Jesus Christus toe, soos die Nuwe Testament inderdaad doen.

Die vraag is egter: Ondersteun die Psalm self en die Nuwe Testament die standpunt van die 2001-omdigting en die verklaring van van Rooy? En verder: Hoe moet ons "Adoni" ("my Here") verklaar?

### **Maar Jesus Christus en sy Gees sê "my Here"**

Dit het alles met goeie taalkunde te make om die skrywer self te vra wat hy bedoel. Die skrywer self sal immers die beste weet wat hy self bedoel het.

Dit geld ook van die woorde "my Here". In Psalm 110 is Jesus Christus self die Skrywer deur sy Gees (HK Son.12, antw.31; 1 Pet.1:11) en in Matteus 22 kom die Skrywer weer aan die woord en dan spel Hy in eie Persoon vir ons die woorde van Psalm 110. En – Jesus Christus

sê "my Here". Volgens Hom slaan Psalm 110:1 op Hom alleen reeds toe Dawid onder inspirasie van die Heilige Gees in dié Psalm van Hom geprofeteer het.

In Matteus 22 leer ons Here Jesus Christus dat met "my Here" iets so heel besonders gesê word, dat dit doodeenvoudig nie van toepassing kan wees op enige aardse koning uit die huis van Dawid nie. Dit kan nie slaan op 'n aardse koning nie, want met die "my Here" word niks minder as die **Godheid** van Jesus Christus uitgedruk nie. Daarom noem Dawid sy eie Seun "my Here".

**Dit** is Jesus Christus se verklaring van Psalm 110:1: Hy is nie net die Seun van Dawid nie, maar Hy is veel meer as net dit: Hy is ook die Seun van God. Later bevestig Jesus hierdie verklaring nog met 'n eedswering (Mt.26:63) en net in die volgende vers (v.64) sê Hy dat die Jode dit ook sal sien dat sy verklaring juis is: "Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel". Die Skrywer van Psalm 110 **verklaar** dus die woorde "my Here", Hy **beëedig** hierdie uitleg in die Naam van die lewende God én Hy **bevestig** dit met die daad. En – juis oor hierdie verklaring word Jesus Christus die dood skuldig verklaar (Mt.26:65-66)!

## **En Jesus Christus roep dit ook luid in die Psalm self uit: "my Here"**

In sy kommentaar op Psalm 110 skryf Calvyn: Ons vind die sekerheid dat hierdie Psalm op Christus alleen slaan eerstens in die woorde van Jesus self (Mt.22:41-46). Dan vervolg hy: Ook die Psalm self roep dit luid uit dat daar geen ander verklaring moontlik is nie.

Ook dit het alles met goeie taalkunde te make: om 'n woord binne sy verband te verklaar. Dit geld ook van die "my Here". Die res van die Psalm, die konteks, moet lig werp op hierdie woorde. Die Skrif moet die Skrif verklaar en dan sien ons: In Psalm 110 sê Jesus Christus deur sy Gees bepaalde dinge van "my Here", dinge wat dit onmoontlik maak om "my Here" op 'n mens te laat slaan.

- **Eerstens** word in die Psalm deur die HERE tot "my Here" gesê: "Sit aan my regterhand" (v.1).

Om aan die regterhand van God te sit – dit word nooit in die Ou Testament van enige aardse koning gesê nie.

Ook die Nuwe Testament bevestig dat hierdie woorde nie op 'n aardse koning slaan nie, want op Pinksterdag verklaar Petrus: "Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand" (Hand.2:34). Op talle ander plekke in die Nuwe Testament word Jesus Christus se *Godheid* bewys op grond van hierdie woorde van Ps 110:1, byvoorbeeld in Heb. 1:3,13.

Die woorde "sit aan my regterhand" pas dus nie op 'n mens nie en dit leer ons om die "my Here" so te verstaan dat dit wys op Jesus Christus alleen.

- *Tweedens* word in die Psalm deur die HERE met eedswering van "my Here" gesê: "U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek" (v.4).

*Ook dit* word nooit van enige aardse koning uit die huis van Dawid gesê nie. Die Dawidiese konings was nie priester én koning nie en nog minder priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek. Die voorbeeld van koning Ussia (2 Kron.26:16-21) sê genoeg: Ussia is met die oordeel van die HERE getref, omdat hy priester wou speel.

## **"My Here" is die kanonieke, gesagvolle verklaring**

Diegene wat soos die 2001-omdigting "my koning" op 'n mens laat slaan, beroep hulle op die woord "Adoni" (my heer).

In hierdie argument word die Joodse (Masoretiese) interpretasie (vokalisasie) van die teks gevolg. Die Masorete het die woord "Adoni" ('dny) so gaan skryf, dat dit geles kan word "my heer". Maar ons moet besef: Hierdie Masorete het hulle werk gedoen lank (eeue) nadat die kanon (die gesagvolle teks van die Bybel) reeds erken was. Wat hulle gedoen het, is dus nie kanoniek (gesagvol) vir ons nie.

Teenoor die Masoretiese, nie-kanonieke, nie gesagvolle interpretasie van Psalm 110 staan die kanonieke, gesagvolle woorde van Jesus Christus in Matteus 22 en sy kanonieke en gesagvolle woorde in Psalm 110 (dat "my Here" aan die regterhand van die HERE sit en priester volgens die orde van Melgisedek is) en Hy sê: "my Here".

## **Psalm 110 gaan net oor die Messias**

In die lig van die Psalmteks self én op grond van die Nuwe Testament is dit duidelik: "My Here" slaan slegs op Christus. Met hierdie verklaring bly ons trou aan die teks en aan die reformatoriese Skrifverklaringsbeginsel dat die Skrif sy eie uitlegger is.

Die 2001-omdigting en die verklaring dat "my Here" na aardse konings én na Christus verwys, slaag nie toets van die Skrif nie. Daarom los die voetnote van Sinode 2003 ook nie die probleem op nie, want dit sluit aan by laasgenoemde verklaring.

Die omdigter se amptelike standpunt met 'n beroep op sy adviseurs dat Psalm 110 nie Messiaans is nie, is ook offisieel gepubliseer. Om sy omdigting nou by nabaat te probeer verdedig of om dit met voetnote te probeer regstel, is gevolglik doodeenvoudig nie moontlik nie. Die Psalmteks self, die Nuwe Testament en Christus persoonlik spreek duidelik genoeg.

## **"'n Gereformeerde Kategismus teen die Cloete-omdigting"**

"'n Paar vrae en antwoorde rondom die 2001-omdigting van Cloete en andere"

deur

Dr AH Bogaards

### **1. Eerste hoorders vanuit Skrif en Belydenis**

#### **Vraag 1**

Hoe wil die 2001-omdigting en Sinode 2003 die Messiaanse Psalms verstaan?

#### **Antwoord 1**

Hulle het besluit om die grondteks te volg deur die Psalms te verstaan *soos die eerste hoorders dit sou verstaan het*.

#### **Vraag 2**

Wat word daarmee bedoel dat ons die Psalms moet verstaan *soos die eerste hoorders dit sou verstaan het*.

#### **Antwoord 2**

Hulle argument kom hierop neer: Ons moet vashou aan die verband (openbaringshistoriese lyn of -punt) waarin 'n teks staan. Ons moet beseft dat die eerste hoorders (die gelowiges van die Ou Testament) nog nie soveel soos ons as Nuwe Testamentiese gelowiges geweet het nie.

#### **Vraag 3**

Wat is die fout wat die 2001-omdigting en Sinode 2003 met hulle eerste-leser-benadering maak?

#### **Antwoord 3**

Die fout wat die Kommissies maak, is dat een Skrifverklaringsbeginsel - die inagname van die direkte verband, die eerste-leser-beginsel - verhef word tot die enigste.

Inderdaad moet ons vashou aan die verband. Daar moet egter ook rekening gehou word met 'n ander Skrifverklaringsbeginsel: die beginsel dat die Heilige Skrif sy eie uitlegger is. Die Skrif self moet sê wat op 'n bepaalde plek bedoel word én (gevolglik) óók wat die eerste hoorders daar en dan begryp het van wat gesê is.

**Vraag 4**

Kan u die beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking eenvoudiger verduidelik

**Antwoord 4**

Die Skrywer self sal die beste weet wat Hy op 'n bepaalde plek bedoel het. Die Skrywer self moet sê wat Hy met 'n bepaalde uitspraak bedoel en hoe dit verstaan moet word.

**Vraag 5**

Wat is die gevaar as ons hierdie beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking nie in ag neem nie

**Antwoord 5**

Waar die beginsel van eerste hoorders losgemaak word van die beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyk, daar ontaard ons verklaring van dit wat die eerste hoorders verstaan het, in pure spekulasie. Die verklaarders van die eerste hoorders kom dan aan die woord en nie die Woord nie.

**Vraag 6**

Kan u dit alles vir my toelig met 'n voorbeeld?

**Antwoord 6**

Ps.110:1 en met name die woorde "my Here" is 'n goeie voorbeeld.

**Vraag 7**

Hoe kom die fout van die 2001-omdigting en Sinode 2003 in Ps.110:1 na vore?

**Antwoord 7**

Die 2001-omdigting dig "my Here" om as "my koning". Die "my koning" wys volgens hulle op 'n koning uit die huis van Dawid. Dit is volgens hulle hoe die eerste hoorders dit sou begryp.

**Vraag 8**

Wat leer die beginsel van Skrif-met-Skrif-vergelyking ons t.o.v. Ps.110:1?

**Antwoord 8**

In Psalm 110 is Jesus Christus self die Skrywer deur sy Gees (HK Son.12, antw.31; 1 Pet.1:11). In Matteus 22:41-46 kom die Skrywer van Ps.110:1 weer aan die woord en volgens sy verklaring in Mt.22 slaan Psalm 110:1 op Hom alleen. In Mt.22 leer ons Here Jesus

Christus dat "my Here" nie kan slaan op 'n aardse koning nie, want met die "my Here" word niks minder as die Godheid van Jesus Christus uitgedruk nie. Daarom noem Dawid sy eie Seun "my Here".

### **Vraag 9**

Neem Sinode 2003 en die 2001-omdigting werklik die konteks in ag in Ps.110, soos hulle beweer met hulle verwysing na die eerste hoorders?

### **Antwoord 9**

Skrif-met-Skrif-vergelyk beteken nie net om na die Nuwe Testament te luister nie, maar om ook na die direkte konteks waarin 'n teks in die Ou Testament staan, te luister.

As ons na die res van Ps.110 gaan luister, hoor ons dat daar dinge van die "my Here" in v.1 gesê word, wat nooit van 'n aardse koning gesê word nie. So word vir Hom gesê om aan die regterhand van die HERE te gaan sit (v.1) en dat Hy priester is volgens die orde van Melgisedek (v.4).

### **Vraag 10**

Het die eerste hoorders regtig so min geweet as wat Sinode 2003 en in die 2001-omdigting veronderstel word?

### **Antwoord 10**

Ons moet begin deur te vra: Wie was die eerste hoorders?

### **Vraag 11**

Wie was dan die eerste hoorders?

### **Antwoord 11**

Vanselfsprekend hulle aan wie die HERE sy Woord geopenbaar het, naamlik die profete.

### **Vraag 12**

Noem vir my een so 'n eerste hoorder of profeet?

### **Antwoord 12**

Dawid was 'n profeet, sê Handeling 2:30.

### **Vraag 13**

Hoeveel het hierdie eerste hoorder, Dawid, geweet?



### **Antwoord 13**

In Handeling 2:30-35 sê die Heilige Gees vir ons hoeveel hierdie "eerste hoorder", Dawid, geweet en vooruit gesien het. Hy het regtig nie maar net 'n aardse koning gesien nie, maar die Christus. Hy het geweet dat God uit die vrug van sy lendene, wat die vlees betref, die Christus sou verwek om op sy troon te sit.

### **Vraag 14**

Hoe het Dawid dit geweet?

### **Antwoord 14**

Op grond van God se Woord aan hom in Ps.132:11 – in die Ou Testament.

### **Vraag 15**

Noem vir my nog 'n teks om te bewys dat die eerste hoorders verder gekyk het as maar net 'n aardse koning.

### **Antwoord 15**

Petrus (1Pt.1:11) verklaar verder: Die Gees van Christus was in die profete en Hy het deur hulle vooruit getuig van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna.

### **Vraag 16**

Wie word in die Messiaanse Psalms aangespreek? Is dit net die "eerste hoorders" of is dit die eerste én die latere hoorders?

### **Antwoord 16**

Dit moet die Skrif vir ons sê. 1 Petrus 1:12 lui: Aan die profete is geopenbaar dat hulle nie vir hulleself nie, maar *vir ons* dié dinge bedien het. Die eerste én die latere hoorders word dus aangespreek.

### **Vraag 17**

Wat sê ons belydenis oor die vraag wie in die Messiaanse Psalms aangespreek word?

### **Antwoord 17**

Die Nederlandse Geloofsbelydenis Art.3 sluit by 1 Petrus 1:12 aan, wanneer gesê word: God het deur sy besondere sorg vir *ons* en ons saligheid sy knegte (profete en apostels) beveel het om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel.

**Vraag 18**

Hoe het die *ons*, die hoorders van 1 Petrus 1:12, byvoorbeeld Psalm 110:1 verstaan?

**Antwoord 18**

Weereens: Dit moet die Bybel vir ons sê. Een van daardie *ons* van 1 Petrus 1:12 is die skrywer van Hebreërs en hy verstaan Psalm 110:1 so dat dit van Christus spreek (vgl. o.a. Heb.1:3,13). In Hebreërs 1 het *ons* 'n geïnspireerde Woord hoe *ons* die woorde van Ps.110 moet verstaan.

**Vraag 19**

Wat het die Messiaanse profesieë vir die eerste lesers in hulle eie situasie beteken?

**Antwoord 19**

As dit net gegaan het oor aardse vorste, het dit vir hulle niks gesê nie.

**2. Weglatings en veranderings aan die grondteks****Vraag 1**

Kan u my een voorbeeld noem, waar die 2001-omdigting dele van die Psalms en dus 'n deel van die Skrif weglaat?

**Antwoord 1**

*Ps.106* is 'n goeie voorbeeld. Die grootste gedeelte van hierdie Psalm is weggelaat: verse 13-18, 23, 26-43, dus 24 van die 48 verse of 50%. In die Bybel tel die Psalm ongeveer 850 woorde. Cloete het die Psalm verkort na 250.

**Vraag 2**

Wat is Sinode 2003 se antwoord op hierdie weglatings?

**Antwoord 2**

Die 2001-omdigting wil eerder opsom, veral by lang historiese Psalms en Psalm 119 ... By die verkorting het die Nuwe Beryming gepoog om die hooflyne van die Openbaringsgeskiedenis of die gedagtegang te behou"

### Vraag 3

Is dit waar dat die 2001-omdigting opsom en die hooflyne van die Openbaringsgeskiedenis behou as 'n mens byvoorbeeld na Ps.106 kyk?

#### Antwoord 3

Nee. Van Moses se voorspraak, sy middelaarswerk (v.23), is daar geen sprake nie. Die toorn en straf van die HERE teen sy volk (vv.15, 17-18, 23, 26, 27, 29-30, 32, 40-42.) word absoluut verswyg. Die 2001-omdigting gee hier 'n valse beeld van God, want die HERE word in die omdigting voorgedhou as 'n God wat maar net vergewe en nooit straf nie. Al wat Cloete in vers 6 kan sê, is: "Sy liefde is .... bo die mens se kwaad verheue".

### Vraag 4

Is daar voorbeelde waar die 2001-omdigting aan die grondteks verander?

#### Antwoord 4

Ja. Enkele voorbeelde van veranderings aan die Hebreeuse grondteks is die volgende:

- **Voorbeeld 1: Ps.11:5**

Die 2001-omdigting lui: "Hy (dit is God) haat die onreg en geweld". In die oorspronklike staan egter dat die HERE die goddelose en die wat geweld liefhet, haat en nie bloot maar net die onreg en geweld nie.

- **Voorbeeld 2: Ps.31:7**

Die 2001-omdigting lui: "Vir afgodediens het ek veragting". Die oorspronklike lui egter nie dat die afgodediens nie, maar wel dat die afgodedienaars voorwerp van Dawid se haat - en nie maar net veragting nie –is.

### Vraag 5

Wat sê die Bybel van sulke veranderings en weglatings?

#### Antwoord 5

Die Psalms is die Woord van die HERE. In die Psalms leer God self – en nie 'n mens nie - ons presies wat ons moet sing. Elke woord van die Psalms is belangrik, want God self het dit ingegee en nodig en nuttig geag. 2 Tim.3:16 leer: "Die hele Skrif (= ook al die Psalms en AL DIE VERSE DAARVAN) is deur God ingegee en is nuttig".

Deut.4:2 en Openb.22:18-19 bepaal dat ons niks van God se Woord mag weglaat nie – ook nie van die Psalms nie.

### **Vraag 6**

Is sulke veranderings en weglatings ook in stryd met ons belydenis?

### **Antwoord 6**

Ja.

Hier kan slegs na NGB Art.7 verwys word.

Hierdie artikel lui: "Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie - ja, al was daar ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal 1:8). En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Deut 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltmal volmaak en in alle opsigte volkome is". In die beryming van die Psalms gaan dit om erkenning van die gesag van die Skrif. As 'n omdigting weglaat en verander, besluit die mens daarmee self hoe hy die Here sal dien (ook in die kerksang).